

**25 Maart**

**Skrifgedeelte: Jeremia 34**

**Fokusgedeelte: Jeremia 34:12-20 (NAV)**

**Jy moet jou woord gestand doen**

By verbondsluiting is 'n kalf geneem en in twee stukke gesny. Beide partye het dan tussen die twee stukke deurgeloopt met die belofte dat die verbreker van die verbond net so in twee stukke gesny sal word. Daarom word na die oprigting van 'n verbond verwys as: "n verbond sny." Die volk het die verbond met hul vaders (vers 14) gestand gedoen en hulle het die slawe vrygelaat (vers 15). Na die vrylating het dit moeilik gegaan sonder die slawe se diens en hulle het berou gehad dat hulle die slawe vrygelaat het. Hulle het op hul woord teruggegaan en die vrygelate slawe weer in slawerny geplaas. Dit was 'n verbreking van die verbond wat hulle vaders met die Here gesluit het. Daarom laat die Here die oordeel van die verbond oor hulle kom en Hy laat al die verbondsbrekers sterwe. Hoe maklik gaan die mens tog nie op sy woord terug wanneer hy later die volle konsekwensies van sy belofte besef en nie meer daarvoor kans sien nie. Allerhande planne word gemaak en redes word versin waarom daar dan nie aan die beloftes voldoen kan word nie. Die mense aanvaar dit (soos die slawe skynbaar), maar in die oë van die Here is dit sonde. Ons moet ons woord en belofte aan God asook aan ons naaste gestand doen, anders is dit sonde en bring ons 'n oordeel oor onself.

*Sing: Psalm 89:13*

*Ds DL de Beer (Emeritus)*